


# ST. FELIX VAN NOLA
# 14 JANUARIE

(sterf 260)

Hy is as jongman deur die heilige biskop Maximus tot priester gewy. Tydens die vervolging van die Christene onder keiser Decius is hy in die gevangenis opgesluit en daar gemartel. Hy ontsnap egter op wonderbaarlike wyse omdat hy bekommerd was oor biskop Maximus. Hy vind die sieklike ou man en neem hom op sy rug na veiligheid. Toe Maximus sterf wou die plaaslike gelowiges hom biskop maak, maar hy weier en gaan voort met sy bediening as eenvoudige plattelandse priester. Deur al die verskriklike jare van vervolging was hy 'n herder en steunpilaar vir die Christene van Nola naby Napels. Ná sy dood het sy graf gou in 'n bedevaartsoord ontwikkel

© Die Oratorium Uitgewery